

TOERPROGRAM

BOOTVAART IN SPANJE: 21 – 30 AUGUSTUS 2024

AUG

Wo 21 JOHANNESBURG – FRANKFURT

Toerlede ontmoet om **15:00** op OR Tambo-lughawe by die inweegtoonbank van Lufthansa vir vlug **LH573** wat om **19:00** na Frankfurt vertrek.

Do 22 FRANKFURT – SEVILLE

Ons land vanoggend om **05:35** in Frankfurt, waarna ons die aansluitingsvlug **LH1140** om **09:25** neem. Ons land om **12:20** in **Seville**, die hoofstad van die suidelike streek van Spanje, wat as Andalusië bekend staan. Ons bus wag vir ons by die lughawe.

Aangesien ons eers om 17:00 aan boord kan gaan, het ons geleentheid om onself te oriënteer in hierdie pragtige stad. Aangesien alle etes vanaf vanaand op die boot ingesluit is, het u vanmiddag kans om die gewilde *tapas* van Spanje te probeer. Die toerleier sal met die busbestuurder oorleg pleeg oor die beste area om hierdie deel van die Spaanse koskultuur eerstehands te geniet. Daarna is u vry om in een van die parke of winkels rond te drentel. U bagasie bly in die bus wat heeldag tot ons beskikking is.

Op 'n bepaalde tyd neem die bus ons na die kaai waar ons skip, die **MS Belle de Cadix**, vir ons gereed sal wees. Sodra u die kajuitsleutel ontvang het, is u welkom om u blyplek vir die volgende 8 dae in te rig. Vanaand is daar 'n skemerkelkonthaal waar die bemanning aan ons voorgestel word. Daarna kan u aansit vir 'n heerlike aandete waarna u lekker in die sitkamer kan ontspan of uiteindelik kan gaan uitrus vir die nag.

Vr 23 SEVILLE – CORDOBA – SEVILLE

Na ontbyt vertrek ons op 'n voldag begeleide uitstappie na **Córdoba**, wat sowat twee ure se ry hiervandaan is. Ons ry langs olyf- en lemoenboorde verby en verlustig ons onderweg in die Andalusiese landskap. Córdoba is geleë aan die regteroewer van die *Guadalquivir*-rivier wat vir sy volle lengte van 657 km slegs deur Spanje vloei. Dit beteken dan ook die 'Groot Rivier' en is die enigste gedeeltelik bevaarbare rivier in Spanje. U moet met gemaklike stapskoene en 'n sonhoed gewapen wees vir hierdie besoek.

Die unieke stad Córdoba dra die stempel van verskillende ryke of kulture wat oor die eeue heen beheer oor die gebied gehad het – die Romeinse, Moorse (Islamitiese) Bisantynse, Arabiese, Joodse en later Christelike invloed word weerspieël in die argitektuur. Die Goue Era van die 8ste eeu onder die More toe dit die hoofstad van die Kalifate (Islamitiese Ryk) was, het egter 'n onuitwisbare nalatenskap van talle manjifieke moskees en paleise hier verewig. Die hele geskiedkundige ou stad en historiese geboue in die omgewing is deur Unesco as Wêrelderfenisgebied verklaar. Ons sien onder andere die ou Romeinse brug en triomfboog, die *Colahorra*-toring en magtige vestingmure. 'n Hoogtepunt is ons besoek aan die imposante *Mezquita*-moskee wat in die 8ste eeu opgerig is, maar sedert die 13e eeu as 'n Christelike katedraal gebruik en gedeeltelik omskep is. Die indrukwekkende rooi-en-wit klip booggange, marmer pilare, mosaïek en houtwerk in die kolossale gebou, maak dit 'n argitektoniese juweel wat oor baie eeue en kulture heen, 'n meesterstuk nagelaat het.

Ons middagete is ingesluit en daar is 'n bietjie vrye tyd waar u geleentheid kry om u verder te verlustig aan Córdoba. Ons keer terug na Seville waar die boot vannag vasgemeer bly.

Sa 24 SEVILLE – CADIZ

Ons verken **Seville** vanoggend te voet onder leiding van 'n gids.

Die indrukwekkende landmerk *Plaza de España* in die Santa Maria Luisa Park word besoek. Dit is in 1929 gebou vir die Spaans-Amerikaanse tentoonstelling. Hierdie plein word aan die een kant omring met 'n halfmaanvormige gebouekompleks en die uitleg van kanale, fonteine, brûe, pragtige blou *azulejo*-mosaïek, ander helderleurige keramiekteëls en imposante boogportale het geweldig baie simboliek. Dit is 'n pronkstuk wat verskillende argitektoniese en kulturele style vanuit die geskiedenis van Spanje kombineer tot 'n harmonieuse eenheid.

Hierna stap ons deur die bekoorlike en kleurvolle *Santa Cruz* gebied – die eertydse Joodse kwartier, maar vandag 'n gewilde area vir toeriste met die bekoring van Middeleeuse geboue, kerke en legendes wat hier gestalte kry. Ons sien ook die *Alcazar*, een van Europa se oudste koninklike paleise en ons besoek eindig by die indrukwekkende gotiese Seville katedraal en sy pragtige kloktoring. Dit is gebou op die plek waar 'n moskee vroeër gestaan het en is een van die grootste kerke ter wêreld. Hierdie is nog een van Unesco se Wêrelderfenisterreine.

Die opwinding is groot as ons vanmiddag uiteindelik verby die **Doñana Nasionale Park** begin vaar, nog 'n Unesco bekroonde erfenis en biosfeergebied. Dit bestaan uit vleilande, duine en inheemse grasse en struikgewasse wat beskerming aan vyf bedreigde voëlspesies bied. Daar is sowat 500 000 watervoëls wat jaarliks hier oorwinter. Die area het die afgelope tyd gebuk gegaan onder droogte en natuurliefhebbers is bekommerd oor die volhoubare voortbestaan van hierdie unieke area.

Vanaand bereik ons die kusstad **Cádiz** wat aan die Atlantiese Oseaan lê. Hierdie streek is bekend vir sy karnaval in April, bulgevegte in die somer, wyn- en sjerrietradisie en Flamenco-danse. Ons kan die omgewing na aandete saam met die bootgids gaan verken.

So 25 CADIZ – JEREZ – EL PUERTO DE SANTA MARIA

Vanoggend onderneem ons 'n begeleide besigtigingstoer van **Jerez**. Dit is 'n stad met 'n ryk geskiedenis uit antieke tye. Wynbou is volgens oorlewering al in 1100 v.C. hier gevestig en dis vandag nog steeds 'n belangrike aktiwiteit, met vele wynboeties waar spogwyne geproe en gekoop kan word. Die hoofklem is egter op sjerrie wat wêreldwyd erkenning kry, met die meeste uitvoere na Engeland.

In die Middeleeue het monnike in die omgewing begin om opregte Andalusiese perde te teel. Die tradisie is voortgesit en vandag spog Jerez met die Koninklike Skool van Perdrykuns. Die skool bewaar en bevorder die klassieke Spaanse Rykuns en ons gaan een van hulle stoetplase met 'n opwindende vertoning bywoon.

Na middagete aan boord het ons 'n begeleide toer van **Cádiz**. Cádiz word beskou as een van die oudste stede in Europa. Die gunstige ligging teen die see het handel met ander lande en selfs kontinente moontlik gemaak. Die ou stad word feitlik omring deur die see en word slegs deur 'n smal sandbank met die vasteland verbind. Die stad spog met pragtige barokkerke, stadspleine, torings en elegante herehuise met pastelkleurige fasades en gietyster balkonne. Die San Sebastian fortkasteel is in die 17e eeu gebou om die stad te beskerm en staan op 'n eiland. Die katedraal van Cadiz met sy goue koepel, is 'n manjifieke gebou wat verskillende argitektoniese style pragtig kombineer.

Vanaand vaar ons verder na **El Puerto de Santa Maria** terwyl ons 'n tradisionele Flamenco-dansaand aan boord geniet.

Ma 26 EL PUERTO DE SANTA MARIA – ISLA MINIMA

Vanoggend besoek ons 'n wêreldbekende wynkelder, waar ons geleentheid kry om drie van hulle spogwyne te proe. Die Osborne wynkelder is reeds 250 jaar in bedryf en hulle bemarkingslogo van 'n bul, het al byna ikoniese status in Spanje verkry.

Terug aan boord vaar ons rustig verder na **Isla Minima**. Sit gerus en ontspan op die buitedek sodat u die rustige vaart in daglig kan geniet terwyl die landskap by ons verby beweeg. Laatmiddag besoek ons 'n tipiese Spaanse *Hacienda* – 'n landgoed wat op die oewer van die rivier lê. Ons leer en ervaar iets van die argitektuur en agtergrond van so 'n 'werkplaas' en word trakteer op nog 'n perdevertoning.

Vanaand vaar ons terug na **Seville**.

Di 27 SEVILLE – GRANADA – SEVILLE

Na ontbyt vertrek ons op 'n voldag bus-uitstappie na **Granada** wat ongeveer 250 km hiervandaan is. Dit lê aan die voet van die Sierra Nevada bergreeks en by die sameloop van drie verskillende riviere. Die klimaat is gunstig vir landbou met talle vrugteboorde soos sitrus, olyf, granaat, vye en amandels in die omgewing. Verder word gewasse soos tabak, koring, gort en suikerriet ook verbou.

Granada is 'n grootse stad wat spog met talle Oosterse monumente en geboue. Ons besoek die *Alhambra* – manjifieke meesterstuk wat uit die 13e eeu dateer. Hierdie paleis vir die dinastie van die sultans het ook as fort gedien en troon bo die stad uit. Dit is moeilik om hierdie rooikleurige kompleks in woorde te beskryf en 'n mens moet dit sien om die grootsheid daarvan te waardeer. Die geometriese balans tussen argitektuur en landskap, lig, ruimte en kleur skep 'n verstommende rustigheid wat beklemtoon word deur die kalmerende klank van vloeiende water wat funksioneel aangewend is. Die teëls, marmer, hout, kleiwerk, reliëfwerk, versierings, fonteine, waterkanale, oop boogvensters, binnehowe en sierlike plante vul mekaar in verstommende harmonie aan.

Ons besoek ook die *Generalife* wat op die oorkantste heuwel gedien het as somerpaleis met pragtige tuine, vrugteboorde en verskillende waterelemente wat vindingryk aangewend is.

Ons geniet middagete in die stad (ingesluit) en na 'n bietjie vrye tyd ry ons weer terug na Seville.

Wo 28 SEVILLE – PALOS DE LA FRONTERA – SEVILLE

Vanoggend neem ons deel aan 'n begeleide uitstappie na *Palos de la Frontera* vir 'n besoek aan die Rabida-klooster wat in die 15e eeu voltooi is. Hier het die monnike hulle toegespits op die bestudering van navigasie met behulp van sterre, en dit was instrumenteel in die lewe van Christopher Columbus. Hy het vir ongeveer twee jaar hier tuis gegaan om die beginsels daarvan te bemeester, voordat hy in 1492 die tog na Amerika aangedurf het. Daarna word die Karveelkaai, wat as't ware 'n drywende museum is, besoek. Hier kan lewensgetroue replikas van Columbus se drie skepe, die Pinta, Nina en Santa Maria gesien word.

Na middagete aan boord is u vry om Seville op u eie te besoek en vir oulaas die bekoring van Andalusië te ervaar. Vanaand word die kapteinsdinee aangebied.

Do 29 SEVILLE – FRANKFURT

Ons geniet 'n laaste ontbyt aan boord voordat ons om **09:00** ontskep en na die lughawe vir ons terugvlug **LH 1823** om **13:25** na Frankfurt vertrek, waar ons om **16:15** land. Vlug **LH578** vertrek om **19:15** na Johannesburg.

Vr 30 JOHANNESBURG

Aankoms in Johannesburg om **05:40** na 'n opwindende Spaanse *fiesta* en *siesta!* Olé.

Dit is moontlik om na die toer agter te bly. Hierby aangeheg 'n paar opsies wat Benita van Fernweh Travel uitgewerk het.

LW: *Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.*